

EBW: BEPLANNING & VOORBEREIDING

GRAAD	7	8	9	*	KWARTAAL	1	2	*	3	4	DISSIPLINE	Finansiële Geletterdheid	*	Entrepreneurskap	Die Ekonomie
 OPVOEDERS	DATUM: 31 Maart – 3 April 2020														
	Onderwerp / Inhoud / Begrippe / Vaardighede (Wat gaan ek onderrig/raad gee/ondersteun...)					Onderrigmetodes & Klaskamerbestuur-vaardighede (Hoe gaan ek onderrig/raad gee/ondersteun...)					Hulpbronne / LTSM (Wat gaan ek onderrig/raad gee/ondersteun...)				
	Kredietverkope - Debiteure - Basislyntoets - berekening van kosprys, verkoopprys en wins %. - Hersien die Rekeningkundige vergelyking en die effek op kontant transaksies. - Hersien die Handelonderneming en die kontantjoernale					Leerders skryf basislyntoets oor die berekeninge van kosprys, verkoopprys en winste. Formule word weer met hulle gedeel. Ouers hersien rekeningkundige vergelyking met leerders asook die drie stappe van ontleding. Aktieweite word gegee wat leerders moet deurwerk.					Handboeke, ePortal en onderrig -en assesseringsprogramme Onderwyserswenke				
 OUERS	Dit is 'n self-studie tydperk vir u leerder en dus word u hulp benodig om seker te maak dat u kind tenminste een uur per dag aan EBW spandeer. Nuwe onderwerp: Kredietverkope, maar in hierdie les hersien ons eers kontantverkope.					Leerder moet basislyntoets skryf oor kwartaal 1 se berekeninge. Hersien met u kind die Rekeningkundige vergelyking van graad 8 sowel as die joernale. U kind moet alle aktiwiteite voltooi en notas sowel as sy handboek gebruik.					Handboeke, ePortal en onderrig -en assesseringsprogramme Onderwyserswenke				
 LEERDER AKTIWITEITE	Maak gebruik van jou handboek, indien jy nie sekere inligting onthou nie. Kort notas ook bygevoeg om jou te help indien jy nie jou handboek by jou het nie. Voltooi basislyntoets - Berekeninge. Formule word aan jou gegee. Hersien die Rekeningkundige vergelyking sowel as die drie stappe wat gebruik word vir die ontleding van transaksies. Let veral op na die effek van kontantverkope van handelsvoorraad op die Rekeningkundige vergelyking. Onthou daar is 4 rekeninge betrokke: Verkope en Bank / Koste van verkope en Handelsvoorraad. Voltooi aktiwiteite oor die Rekeningkundige vergelyking. Hersien die kontantjoernale - KOJ en KBJ Teken asb alle kolomme in jou antwoordboek. Lees op in jou handboek oor die volgende onderwerp - Kredietverkope.														
Informele assessering	Basislyntoets - Berekeninge Aktiwiteit 1 - Berekeninge Aktiwiteit 2 - Rekeningkundige vergelyking Aktiwiteit 3 - Rekeningkundige vergelyking														



HERSIENING VAN KWARTAAL 1 BASISLYNTOETS

Bereken die ontbrekende bedrae in the onderstaande tabel wat aangedui word deur 'n '?'.

Nr.	Kosprys	Winsopslag (%)	Verkoopprijs
1	R3 000	?	R4 500
2	R3 000	150	?
3	?	80	R360
4	?	20	R4 500
5	R1 800	33⅓	?
6	R2 500	?	R7 500
7	R16,80	16	?
8	R1 400	?	R1 680
9	R1 960	?	R2 450
10	R900	66⅔	?



BEREKENINGE

Kosprys: Die bedrag wat die onderneming vir die goedere betaal.

Verkoopprijs: Die bedrag wat die onderneming vir die goedere vra wanneer hulle dit verkoop.

Winsopslag : Die persentasie wat die onderneming by die kosprys byvoeg.

$$\text{Koste van verkope} = \text{Verkope} \times \frac{100}{100 + \text{winsopslag\%}}$$

$$\text{Verkope} = \text{Koste van verkope} \times \frac{100 + \text{winsopslag\%}}{100}$$

COST CLASSIFICATIONS OF INVENTORY



©Study.com

Hersien die Rekeningkundige vergelyking met u kind.



REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Dt	BATES		Kt
Saldo	a/b	XXX	
	+		-

Dt	EIENAARSBELANG		Kt
		Saldo	a/b XXX
	-		+
Onttrekkings Uitgawes	verminder eienaarsbelang	Kapitaal Inkomste	vermeerder eienaarsbelang

Dt	LASTE		Kt
		Saldo	a/b XXX
	-		+

Stappe vir die ontleding van transaksies volgens die rekeningkundige vergelyking

- Identifiseer die rekeninge
- Klassifiseer die rekeninge
- Analiseer die effek op die rekeningkundige vergelyking deur die rekeningkundige beginsels toe te pas.



Leerders lees die volgende notas en voltooi die aktiwiteite.

KONTANTVERKOPE VAN HANDELVOORRAAD

Bereken koste van verkope en verkope:

- Koste van verkope is altyd gelyk aan 100%.
- Die winsopslagpersentasie verteenwoordig hoeveel meer die artikel verkoop sal word.
- Verkope is gelyk aan die kosprys plus die winsopslagpersentasie.

Aktiwiteit 1



Verkope word dus soos volg bereken:

bv. die kosprys van 'n ketting is R80 en die winspersentasie is 25%.

Koste van verkope word soos volg bereken:

bv. Die verkoopprys van 'n kraetas is R240 en die winspersentasie is 50%.

Bereken die ontbrekende syfers in die onderstaande tabel

Nr	Kosprys	Winsopslag (%)	Verkoopprys	BEREKENINGE
1	R6 000		R9 000	
2	R6 000	150		
3		80	R3 600	
4		20	R45 000	
5	R18 000	33⅓		
6	R2 500		R7 500	
7	R168	16		
8	R1 400		R1 680	
9	R160		R192	
10		66⅔	R15 000	

NOTA:

$33\% = \frac{133\frac{1}{3}}{100} = \frac{400}{3} \div \frac{100}{1} = \frac{400}{3} \times \frac{1}{100} = \frac{400}{300} = \frac{4}{3}$ om Verkope te bereken $\frac{3}{4}$ vir Koste van verkope
 $66\% = \frac{166\frac{2}{3}}{100} = \frac{500}{3} \div \frac{100}{1} = \frac{500}{3} \times \frac{1}{100} = \frac{500}{300} = \frac{5}{3}$ om Verkope te bereken $\frac{3}{5}$ vir Koste van verkope

Rekeningkundige Vergelyking

BATES	=	EIENAARS-BELANG	+ LASTE
Vermeerder (+) met 'n debiet inskrywing		Vermeerder (+) met 'n krediet inskrywing	Vermeerder (+) met 'n krediet inskrywing
Verminder (-) met 'n krediet inskrywing		Verminder (-) met 'n debiet inskrywing	Verminder (-) met 'n debiet inskrywing



9 Maart 2020. Kontantverkope van goedere, R6 000, soos per KRR 02.

Goedere word teen 20% winsopslag verkoop.

EFFEK OP DIE REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Brondokument	Rekening Gedebiteer	Rekening Gekrediteer	B =	EB +	L
KRR	Bank	Verkope	+6 000	+6 000	0
	Koste van verkope	Handelsvoorraad	-5 000	-5 000	0
NET EFFEK		##		+1 000	0

Verteenwoordig die werklike wins gemaak met die verkoop van handelsvoorraad.



Aktiwiteit 2

Jy word voorsien van inligting van Purdon Motorbande Winkel vir September 2019.

GEVRA:

Ontleed die volgende transaksies in jou werkboek. Die eerste transaksie is vir jou as 'n voorbeeld gedoen.

- 01 Betaal die lone per tjek, R3 250.
- 03 Die eienaar verhoog sy kapitaalbydrae van R130 000 tot R175 000 en ontvang 'n kwitansie van die boekhouer.
- 04 Verkoop goedere volgens die kasregisterrol, R3 000. Winsopslag op kosprys is 50 %.
- 06 Betaal die kantoorhuur van R4 050.
- 11 Betaal die telefoonrekening aan Telkom, R4 500.
- 13 Plaas 'n advertensie in Country Post en betaal R427 per tjek.
- 17 Koop goedere by Audrey Verskaffers, R3 700, asook toerusting ter waarde van R1 800.
- 19 Reik 'n tjek uit aan Dean Herstellers vir herstelwerk aan toerusting, R2 500.
- 20 Trek 'n tjek vir wisselgeld, R550.
- 21 Koop 'n faktuurboek en ander benodighede van Paper & Books, R345 en betaal per tjek.
- 25 Betaal die water en elektrisiteitrekening aan die munisipaliteit, R3 283. R1 904 is vir die onderneming se water en elektrisiteit en die res is vir die eienaar se woning.
- 28 Reik 'n kwitansie uit aan A van Vuuren vir 'n kantoor in die gebou wat hy by die onderneming huur, R4 800.

Teken die tabel in jou notaboek

